WES-KAAPSE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT, ANROUX MARAIS

2017/18-BEGROTINGTOESPRAAK

29 MAART 2017

Agbare Speaker
Premier
Kabinetkollegas en Lede van die Provinsiale Parlement
Voorsitter van die Staande Komitee
Departementshoof en bestuurders van die Departement van Kultuursake en Sport
Ons vennote in die sport-en-kultuur-sektore
Media
Inwoners van die Wes-Kaap

Goeiedag, good day, molweni nonke

Inleiding

Speaker, dit is voorwaar 'n eer en 'n voorreg om aan hierdie Huis en die breër Wes-Kaapse gemeenskap die begroting van Kultuursake en Sport vir die 2017/18-boekjaar voor te lê. Ek sal uitbrei oor hoe die Departement die begrote R725 049 000 sal aanwend om 'n maatskaplik inklusiewe, skeppende, aktiewe, gekonnekteerde en verenigde Wes-Kaap daar te stel. Die volgende voorlegging omvat ons verbintenis om te reageer op die behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien, en beklemtoon die instrumentele rol wat die Departement deur middel van sport en kultuursake in nasiebou, die inspirering van hoop en die holistiese ontwikkeling van die individu moet speel.

Kultuursake en Sport: Kragtige instrumente om hoop en eendrag weer te laat opvlam

Speaker, in die lig van ons huidige omstandighede is dit geen geheim dat die toekoms van Suid-Afrika vir baie, vir die meerderheid, somber is nie. Ons het almal op een of ander stadium gevoel hoe ons in 'n toestand van hopeloosheid vervaag. Daar bestaan nou 'n onderlinge moedeloosheid in ons strafregstelsel, ons nasionale regering, die status quo, beskikbaarheid van werk, opsies om ons lewensbestaan te verbeter; wat alles uiteindelik lei tot 'n verlies in vertroue in die instellings wat juis hierdie demokrasieë vir ons moontlik moet maak. Ons sien elke dag nuwe vorms van verdeeldheid, hetsy op grond van ras, kulturele agtergrond, etnisiteit, geslag, taal, voorkoms, seksuele oriëntasie en vlakke van onderwys. Meer kommerwekkend is die voorkoms van die ewige rassegrense wat die diep morele vesel van nie net ons gemeenskappe nie, maar ook ons menslikheid aftakel.

Die vier programme in die Departement van Kultuursake en Sport is direk gemik op die herstel van die skadelike gevolge van sosiale euwels, aangesien die programme tot positiewe jeugontwikkeling bydra en 'n kollektiewe identiteit vir die provinsie onderhandel. Al vier ons programme medefunksioneer holisties om eendrag, hoop, versoening, respek, trots en 'n viering van ons diversiteit te bespoedig en skep terselfdertyd 'n bemagtigende omgewing vir almal wat die Wes-Kaap hul tuiste noem.

Program 1: Administrasie

Speaker, R63 304 000 (63 miljoen 304 duisend rand) is vir die 2017/18-boekjaar aan Program 1: Administrasie toegeken. Hierdie toekenning stel die departement in staat om diensvoortreflikheid deur middel van die deurlopende verbetering van finansiële bestuurspraktyke te behaal. Hierdie begroting sal ondersteuning aan alle ander programme verseker en hulle in staat stel om dienslewering aan almal in die Wes-Kaap te verbeter. 'n Toegewese R30 901 000 (30 miljoen 901 duisend rand) sal 'n algehele finansiële bestuursondersteuningsdiens aan die departement lewer, insluitend finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan my kantoor verslag doen: Wes-Kaapse Kultuurkommissie, Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap; al drie word vandag in die gallery verteenwoordig.

Speaker, ek neem hierdie geleentheid om erkenning te gee aan die amptenare van ons Departement wat vandag hier teenwoordig is, onder die leierskap van ons departementshoof, mnr Brent Walters. Ek bedank julle almal vir die professionele

gees waarin julle die inwoners van die Wes-Kaap met behulp van Kultuursake en Sport met sorg, vaardigheid, aanspreeklikheid, integriteit, innovasie en responsiwiteit aanraak.

Speaker, ek verwelkom ook ons nuutaangestelde Hoofdirekteur van Kultuursake mnr Guy Redman en Direkteur van Biblioteekdienste, me Cecilia Sani in die departement. Ek vertrou dat ons saam sal voortgaan om kultuursake in die Wes-Kaap proaktief te bevorder, te ontwikkel en te transformeer.

Program 2: Kultuursake

Speaker, die begrotingstoekenning vir Program 2: Kultuursake het in die 2017/18-boekjaar met R4.116 miljoen gedaal en staan tans op R106 145 000. Ongeag die beperkte fondse en hulpbronne, sal ons die broodnodige dienste wat met kunste, kultuur, museums, erfenis en taal verband hou aan die inwoners van die Wes-Kaap voorsien.

In tye wanneer ons 'n klimaat van proteste, kulturele verskille en negatiewe nuus in die gesig staar, sal die bevordering van ons verskillende kultuursake 'n ondersteunende instrument word om 'n wedersydse begrip van en respek vir ons unieke agtergronde te kweek.

Ons verskillende maatskaplike agtergronde, oortuigings, tradisies, moedertale en sosio-ekonomiese status is die belangrike kenmerke wat ons uniek en outentiek maak. Ons identiteite het verskillende betekenisse vir verskillende mense, maar as mensdom het ons meer in gemeen wat ons saambind. Speaker, verdraagsaamheid moet die goue draad wees wat ons verenig en soos Nelson Mandela een keer tereg gesê het: "Ons ryk en gevarieerde kulturele erfenis het 'n onpeilbare krag om ons nasie te help bou". Speaker, ons het 'n mandaat van diegene wat ons verkies het om uitvoering te gee aan die aanhef van ons Grondwet wat ons voortdurend herinner om "Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep; die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy

regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem". Speaker, Kultuursake speel inderdaad 'n deurslaggewende rol in die nakoming van hierdie mandaat.

Kuns en Kultuur

Speaker, in 2016, ten spyte van verskille in ras, kulturele agtergronde, taalbevoegdheid en klas, het groepe jongmense hul talente in drama regoor die provinsie ten toon gestel en diepgaande boodskappe met gehore in volgepakte sale gedeel. Die Departement se dramafeeste het in elke distrik van die provinsie plaasgevind en die wenners is die geleentheid gegun om onder meer by die Zabalaza-fees by die Baxter-teatersentrum, die Suidoosterfees, by die Kunstekaap en die KKNK in Oudtshoorn en ander platforms op te tree. Die merkwaardigste uitkoms van die dramafeeste was toe die wenners van die Tri-distrik Dramafees: Robyn September van Heidelberg, 19 jaar oud op daardie stadium, Llewellyn Bond van Sedgefield, 15 jaar oud en William Michaels, ook van Heidelberg, 27 jaar oud, hul verskyning in 'n episode van die gewilde Suid-Afrikaanse dramareeks, Suidooster, gemaak het. Ek het persoonlik die drie wenners op die dag van hulle verfilming na die Atlantic-ateljee vergesel. Hul oorweldigende opwinding en senuwees was min in vergelyking met hul gevoel van prestasie en ongeduld om tuis te kom en hul ervaring met vriende en familie te deel. Die volgende is hul eie kommentaar nadat verfilming vir die dag afgehandel is: Llewellyn het gesê en ek haal aan, "Drama het my hele lewe verander en my sorge agterweë gelaat," het Robyn gesê. "Dis 'n tawwe ding om lang ure te oefen, maar wanneer jy dit geniet, noem jy dit nie werk nie. Om die regte akteurs op die stel te ontmoet laat mens waardevol en spesiaal voel", en William, "Hierdie geleenthede het groot deure vir my oopgemaak. Ek het oudisies vir 7de Laan, Villa Rosa en Liefste Kayla gedoen en daarin opgetree voor ek die hegte familie van Suidooster ontmoet het. Ek het 'n rolmodel in my gemeenskap geword en hulle noem my 'n pilaar vir die jeug." Speaker, dit is die aard van ons Departement se doen en late. Ons belê in die ontwikkeling van ons jeug, skep geleenthede om hul lewenstandaard te verbeter en in hulle die bakens van hoop en inspirasie te identifiseer wat ware verandering in hul gemeenskappe teweegbring. Om die treffende waarde van hierdie belegging verder te illustreer: Robyn het aan die begin van hierdie jaar haar eerste jaar in Drama aan die Universiteit van Stellenbosch begin, en Llewellyn is tans in Graad 11 op Hoërskool

George en tree steeds op verskeie verhoë op. Hy het so onlangs soos verlede week in Afsnypunt by die Zabalaza Theatre-fees opgetree. William is nou in diens van Uthando For Theatre, 'n gemeenskapsgebaseerde teatergroep wat in Malmesbury gesetel is, en hy hou vol om deur middel van werkswinkels en tentoonstellings homself te beywer vir Heidelberg se jeug om aan Drama, Musiek en Dans deel te neem.

Ek gee erkenning aan Fahiem Stellenboom, Bemarkingsbestuurder van die Baxter-teater, en Thami Mbongo, Kunsdirekteur van die Zabalaza-fees, vir hul volgehoue ondersteuning aan die ontluikende sterre in ons gemeenskappe regoor die provinsie. Ek bedank ook vir Marlene le Roux, Uitvoerende Hoof van die Kunstekaap, dat sy die dryfkrag agter die diversifisering van die Kunste is en 'n kreatiewe ruimte skep waarmee die meerderheid van die bevolking kan vereenselwig.

Die Departement sal weer vanjaar in vennootskap met die Kunstekaap aan hul Landelike Uitreikprogram werk. Die jaarlikse Landelike Uitreikprojek is tans in sy 10de jaar en bereik jaarliks 2 000 jongmense deur die Skoleprogram. Volwassenes wat nog nooit lewende teater ervaar het nie, word aan die verskillende genres op verhoë in hul gemeenskappe blootgestel. Die Landelike Uitreikprogram bring die verskillende dissiplines van sang, instrumente, ballet, opera, dans en kore byeen. Inklusiwiteit is 'n belangrike aspek wat toegepas word deur samewerking met kunste-organisasies, professionele kunstenaars en opkomende kunstemaatskappye soos die Unmute Dance Company wat in "Mixibility" spesialiseer – om kunstenaars met gestremdhede saam met niegestremde kunstenaars in die hoofstroom te bring. Die Skoleprogram stel laerskoolleerders bloot aan die verskillende kunssoorte en die jong leerders kry 'n kans om hul unieke talente ten toon te stel. Die hoërskoolleerders vorm deel van 'n loopbaanuitstalling wat hulle 'n insig gee oor werksaamhede agter die skerms, vanuit 'n tegniese én bestuursoogpunt.

Speaker, die Department sal in 2017/18 nuwe vennootskappe aangaan en programme tot nuwe vlakke van voortreflikheid bou. Dit sal bereik word deur die Departement se ondersteuning aan die Kuns en Kultuur NRO- en OSW-sektor deur middel van die jaarlikse befondsingsprogram. Dit behels onder meer befondsing vir vaardigheidsontwikkeling, tentoonstelling en geleenthede om toegang tot opleiding in tegniese vaardighede en geleentheidsbestuur te kry. 'n Bedrag van meer as R13 000 000 (13 miljoen rand) is vir die jaar toegeken om die sektor te ondersteun.

Betekenisvolle vennootskappe is gesluit met 'n paar van die befondsde organisasies wat as die implementeringsagente vir die UOWP-program in die Departement optree. Dit bied aan die jeug 'n geleentheid om die wêreld van werk in die kunste te ervaar.

Een van die OSW's wat ondersteun word, is die Kaapstad Opera wat in 1999 tot stand gekom het. Dit is 'n artikel 21-organisasie sonder winsbejag en openbare weldaadorganisasie met 'n vlak 1 BBBEE-gradering. Speaker, die Kaapstad Opera het aan 1 410 leerders van Wes-Kaapse skole die geleentheid gegun om deel te neem aan Opera is My eerste Taal, 'n weeklikse musiekopvoedingsprogram wat ter plaatse by vyf skole en gemeenskapsentrums in Retreat, Vredenburg, Nyanga en Khayelitsha onderrig word. Klasse in klawerbordvaardighede en musiekteorie word weekliks vir die dirigente van gemeenskapskore aangebied. Hulle verskaf ook dwarsdeur die jaar gratis kaartjies aan bejaardes wat by CPOA / Communicare inwoon. Die Kaapstad Opera werk in oorleg met Jazzhands om gebaretaal-interpretasie en klankbeskrywing vir gehoor- en gesiggestremde gehore by Opera-produksies te voorsien.

Speaker, om weer te beklemtoon, die Kunste skep ekonomiese geleenthede en skep werksgeleenthede, nie slegs vir aspirerende kunstenaars nie, maar ook vir ander sektore. Die werk van die Kaapstad Opera genereer inkomste vir onafhanklike kontrakteurs en 'n verskeidenheid ondernemings wat in die Wes-Kaap gesetel is. Hulle vervaardig dekor, rekwisiete en kostuums om Opera op die planke te bring. Hulle tree op as gasheer vir kunstenaars van regoor die land en regoor die wêreld, hulle kontrakteer plaaslike musikante, huur lokale vir repetisies en stel afrigters aan om sangers op te lei. Die volgende syfers weerspieël die inkomste wat vir plaaslike ondernemings gegenereer is:

- R4.1 miljoen vir dekorvervaardiging en verskaffers van boumateriaal
- R2.9 miljoen vir kostuumvervaardiging en groothandelaars in materiaal
- R1.8 miljoen vir gastehuisverblyf
- R2.8 miljoen vir musiekafrigters en regisseurs
- R620 000 vir landvervoer en
- R506 000 vir die huur van lokale en toerusting

Die Kaapstad Opera het in 2016/17 verskeie werksgeleenthede aan sangers, tegnici en musikante in die Wes-Kaap gebied. Die vergoeding wat aan inwoners van die volgende gemeenskappe betaal is, kom te staan op:

- R360 923 in Bonteheuwel en Langa
- R985 482 in Mitchells Plain
- R1.8 miljoen in Khayelitsha
- R1.4 miljoen in Pinelands
- en R849 470 in Stellenbosch.

Speaker, dit is duidelik dat ons met die R32 409 000 wat vir Kuns en Kultuur bewillig is, sal voortgaan om die selfbeeld van ons jeug te versterk en die talente in hulle wat andersins nie verken sou word nie, te identifiseer, en terselfdertyd ekonomiese geleenthede deur die kunste te skep. Ons maak dit moontlik om 'n liefde vir lees, geskiedenis, kultuur, erfenis en die kunste te kweek, en dit verbeter opvoedkundige uitkomste, nie net vir die jeug nie, maar vir ons provinsie as geheel. Ons sal vanjaar die kanale van kommunikasie verder oopmaak sodat almal in ons provinsie toegang tot ons dienste kan hê, ongeag hul moedertale, want ons bevorder taalkundige demokrasie deur die status van al drie amptelike tale te verhef.

Die Koorfees wat verlede jaar in die Kaapse Wynland van stapel gestuur is, sal volgende maand in Mosselbaai plaasvind. Die Departement sal in 2018 die langverwagte fees in die Sentraal Karoo-distrik aanbied.

Museumdienste

Speaker, Museumdienste sal R57.624 miljoen van die algehele 2017/18-departementele begroting ontvang. Museums stel gewoonlik klein getalle personeel aan, maar vir die meeste klein dorpe verteenwoordig hulle 'n poort na die toerisme-ekonomie. Toenemende toerisme kan dus sosio-ekonomiese toestande verbeter. Toegang tot museums deur voorheen benadeelde gemeenskappe is ook belangrik om die visie van 'n maatskaplik inklusiewe samelewing te skep. Gegewe hierdie doelwitte, is die aanbiedinge van museums uiters belangrik. Die Museumdiens sal dus voortgaan met hul program van transformasie deur die vernuwing van uitstallings en gemeenskapskonsultasie by geaffilieerde museums. Ondersteuning vir museum-gebaseerde openbare programme en uitreikwerk sal in 2017/18 versterk word.

'n Raadplegende proses is ter voorbereiding vir die transformasie van die Worcester Museum onderneem. 'n Nuwe reisende uitstalling sal die 50ste herdenking van die eerste hartoorplanting op 3 Desember 2017 vier. Die uitstalling in die dorp waar Chris Barnard grootgeword het, sal ook by die Beaufort-Wes Museum opgegradeer word. Februarie was die eeufees van die sinking van die SS Mendi; 'n reisende uitstalling sal saamgestel en onder museums in die provinsie versprei word ter nagedagtenis aan die dapper manne wat hul lewens verloor het.

Speaker, ons het in Desember 2015 ons inisiatief oor Mondelinge Geskiedenis in Hawston geloods. Die projek is daarop gemik om die mondelinge geskiedenis van Wes-Kaapse burgers op rekord te plaas sodat toekomstige geslagte hul erfenis kan vier. 'n Groot deel van die geskiedenis van ons gemeenskappe word net in die gedagtes van die vertellers bewaar. Om werklik ons verlede vanuit 'n unieke oogpunt te verstaan, is dit belangrik om 'n formele program te implementeer om die waardevolle, onderliggende stories van ons maatskaplike tapisserie vas te vang. Hierdie inisiatief is tot hede in Hawston, Piketberg, Gouda, Bonteheuwel, Beaufort-Wes, George en Hangberg uitgerol. In die komende boekjaar sal die gemeenskappe in die munisipaliteite van Laingsburg, Vredendal en Kannaland ook biblioteke kan besoek om hul mondelinge geskiedenis op rekord te plaas. Deur hierdie projek word persoonlike geskiedenis en gemeenskappe se ervarings 'n gedeelde erfenis, en biblioteke word weereens sosiale middelpunte waar maatskaplike insluiting en gemeenskapsontwikkeling deur middel van deel en verstaan bevorder word. Mondelinge getuienis op video is by die deelnemende biblioteke en die Provinsiale Argief beskikbaar.

Ondersteuning aan geaffilieerde museums sal voortgaan in die vorm van befondsing, bemarking en bevordering, onderwys en opleiding, ontwikkeling van uitstallings, bewaringswerk, die sekondering van personeel, en mentorskap en advieslewering. Waar hulpbronne dit toelaat, sal dienste ook na ongeaffilieerde museums uitgebrei word. Die Museumdiens sal voortgaan om deur die Uitgebreide Openbare Werkeprogram 'n bydrae tot werkskepping te lewer. Tot hede is 166 werksgeleenthede deur die museums moontlik gemaak.

Erfenis

Speaker, Erfenishulpbrondienste sal vir die 2017/18-boekjaar 'n bedrag van R8 097 000 ontvang.

'n Nuwe raad is op 1 Desember 2016 vir 'n termyn van drie jaar vir die Provinsiale Erfenishulpbronne-owerheid, Erfenis Wes-Kaap, aangestel. Daar word verwag dat die nuwe raad en hul onderskeie erfeniskomitees sal voortgaan om Erfenis Wes-Kaap se mandaat, naamlik die identifisering, beskerming, bestuur en bevordering van die beduidende erfenishulpbronne van die provinsie, op dieselfde doeltreffende wyse na te kom as wat dit in die verlede plaasgevind het. Die raad van Erfenis Wes-Kaap het onlangs die verklaring van twee Provinsiale Erfenisterreine bekragtig, naamlik Blomboschfontein Natuurreservaat in Riversdal, Hessequa-distrik, en die Old Granary-kompleks in Kaapstad. Daar was volgehoue pogings aan Erfenis Wes-Kaap se kant om te verseker dat voorheen benadeelde gemeenskappe by die bestuursbenadering van beduidende erfenishulpbronne ingesluit is. Die entiteit is tans besig om 'n beleid oor openbare deelname saam te stel om te bepaal hoe dit ten beste kan geskied.

Ek het ook 'n nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee aangewys om vanaf 1 Julie 2016 vir 'n ampstermyn van drie jaar te dien. Geografiese name bied 'n geleentheid om erkenning te gee aan aspekte van ons gedeelde verlede wat voorheen verontagsaam is. Die Rockview-dam naby Grabouw se naam is op 17 Junie 2016 verander na Dorha-dam in erkenning van die Chainouqua-hoof wat in die Houwhoek-streek van Grabouw gewoon het. Benaming bied ook 'n geleentheid vir burgers om hul erfenis te vier. Op versoek van die plaaslike gemeenskap is die name van die Schotschenkloof-, Stadzicht- en Schoone Kloof-gebiede in Kaapstad op 10 Oktober 2016 amptelik verander na Bo-Kaap, soos die gebied dekades reeds na verwys word.

Speaker, geografiese name word deur die meeste mense beskou as 'n gevoel dat hulle behoort aan die omgewing, die dorp of die stad waar hulle woon. 'n Hoogs emosionele aspek van debatvoering oor die deurlopende transformasie van die erfenislandskap in Suid-Afrika is veranderinge aan, of moontlike veranderinge aan, bestaande geografiese name.

Daar bestaan meer as 12 000 geografiese name in die provinsie van die Wes-Kaap.

Name is deur die eeue aan plekke gegee deur opeenvolgende geslagte van inwoners. Baie van die inheemse name van geografiese kenmerke in ons landskap is behou, soos byvoorbeeld Attaqua's-pas en die Outeniekwaberge. Ander is vertaal in die tale van setlaars uit Europa. Sekere Khoikhoi-name is byvoorbeeld in Portugees, Nederlands en later Engels, en uiteindelik in Afrikaans of isiXhosa vertaal. Baie plekke met inheemse name is nuwe name gegee. Table Mountain, Tafelberg en tabula monsa, Latyns vir Tafelberg, het onder die Khoi as Hoerikwagga bekendgestaan, wat berg by die see beteken. Baie ander plekke en geografiese kenmerke het oor die afgelope 500 jaar name gekry wat 'n verskeidenheid van belange, waardes en perspektiewe weerspieël.

Die standaardisering en verifiëring van al 12 000 geografiese name in die Wes-Kaap vorder goed. Hierdie proses behels navorsing oor die historiese agtergrond van elke naam, vaslegging van die inligting, en die regstelling van die spelling van geografiese name, waar nodig. Navorsing is byvoorbeeld gedoen oor die naam van die bergpas tussen Barrydale en Swellendam om te sorg dat die regte naam daaraan toegewys word. Die naam wat nou goedgekeur is, is die Tradouwpas wat na die historiese Khoi-naam van die pas verwys; dit beteken "die pas van vroue".

Toe nuwe munisipaliteite aan die begin van die 21ste eeu ingestel is as deel van die demokratiese bedeling in die land, het 'n paar munisipaliteite in die Wes-Kaap name gekry wat ons Khoi-erfenis weerspieël. Dink aan munisipaliteite soos Bitou, Hessequa en Matzikama.

Met die viering van Menseregtedag op 21 Maart 2017 het ons die Khoekhoe Geografiese Name-brosjure bekendgestel as bewys van die vordering wat gemaak is en die aansienlike vooruitgang wat die Departement van Kultuursake en Sport gemaak het om ons erfenislandskap in die Wes-Kaap te transformeer sodat dit maatskaplik inklusiewer is vir diegene wat dit hul tuiste noem.

Daar is in die Wes-Kaap baie geografiese name wat van Khoekhoe-erfenis afgelei is. Hierdie name verteenwoordig aspekte van ons provinsie se geskiedenis wat vir toekomstige geslagte herstel en gekoester moet word. Dié brosjure wat in julle bundels is, bevorder plekname in hierdie provinsie wat afgelei is van Khoekhoe-

erfenis; dit is 'n tasbare bewys dat die Wes-Kaapse Regering erkenning gee aan die provinsie se gedeelde erfenis en sy uiteenlopende kulture. Een van geografiese name in die brosjure is dié van Knysna. Geneem uit die Khoekhoe-woord / naizna, wat "varings" beteken. Knysna is die naam van 'n rivier, 'n strandmeer en die dorp wat aan die mond van die Knysnarivier geleë. Die gebied is vernoem na die landskap wat ryk aan varings is.

Taaldienste en die Wes-Kaapse Taalkomitee

Speaker, ek is trots om aan te kondig dat 'n Taalgedragskode na aanleiding van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur die Departement ontwikkel is, en deur Provinsiale Topbestuur aanvaar is vir implementering in alle provinsiale departemente. Geraamde afdrukke in die drie amptelike tale is aan alle provinsiale departemente beskikbaar gestel. Die Departement het ook die Elsenburg Landbou-opleidingskollege gehelp met die formulering van 'n Taalbeleid wat vir alle personeel en studente aanvaarbaar is.

'n Regering-spesifieke Drietalige Terminologie-uitgawe is op 30 September 2015 op Internasionale Vertaaldag bekendgestel. Hierdie boekie bevat die terminologie van woorde wat algemeen in die regering gebruik word in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap, en is ook op die internet beskikbaar. Dit ondersteun die eenvormige gebruik van terminologie onder taalpraktisyns wat dienste aan die provinsiale regering lewer.

'n isiXhosa-skaakboek is in 2015 in samewerking met Watu Kobese bekendgestel. Mnr Kobese het in oorleg met ons Departement die isiXhosa-terminologie vir skaakstukke, die skuiwe en die spel in die geheel ontwikkel.

Dié eerste-van-sy-soort isiXhosa-skaakboek is in die provinsie versprei en maak dit makliker vir leerders om die spel van skaak te bemeester. Speaker, ons sal in die 2017/2018-boekjaar die isiXhosa-krieketboekie van stapel stuur; dit sal beslis sorg dat die Wes-Kaap 'n omgee-tuiste vir almal is deur 'n veeltalige samelewing te bevorder. Kinders sal nou in hul huistaal isiXhosa van krieket kan leer en sodoende moedig ons voortreflikheid en inklusiwiteit in sport aan. Speaker, 'n boekie oor sokker, boks en atletiek sal binnekort volg.

Speaker, te veel mense onderskat dikwels die belangrikheid om ruimte vir selfverbetering in 'n mens se moedertaal toe te laat. Die Departement het op Internasionale Moedertaaldag wat jaarliks op 21 Februarie gevier word, veeltalige boekies oor werksoek ontvang wat deur Die Stigting vir Bemagtiging van Afrikaans (SBA) gepubliseer is. Die sakgids is in al drie ons amptelike tale beskikbaar en sal werksoekers bemagtig, aangesien dit 'n omvattende gids is wat belangrike onderwerpe soos die opstel van die perfekte curriculum vitae en dekbrief dek, asook hoe om die eerste week in jou nuwe pos te oorleef. Hierdie oorhandiging het inderdaad in werklike terme bewys dat ons deur middel van innoverende vennootskappe daartoe verbind is om 'n bemagtigende omgewing te skep waarin almal gelyke toegang tot geleenthede het. Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om Dr Niel le Roux, Hoof van SBA en lid van die Wes-Kaapse Taalkomitee, te bedank vir die verspreiding van die boekie tydens 'n komiteevergadering verlede jaar, en dat hy volle vertroue in die Departement geplaas het as bewaarder van veeltaligheid en kennissentrums in die provinsie. U sal bly wees om te hoor dat ons reeds begin het om die gidse na biblioteke, argiewe en museums regoor die provinsie te versprei.

Die uitgebreide konsultasieproses oor die Raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal is verlede jaar afgehandel en sodra dit goedgekeur is, sal dit as 'n riglyn en verwysingspunt versprei word ten einde dienslewering aan dowe gemeenskappe in die provinsie te verbeter. Ek verwelkom vandag in die Huis vir Michelle Lombard en Beryl Petersen, ons gebaretaaltolke en Jabaar Mohamed van DEAFSA, en bedank hulle vir hulle belangrike bydrae om die Wes-Kaap 'n oopgeleentheidsamelewing vir almal te maak.

Die Departement sal voortgaan om vergaderings van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum te fasiliteer. Hierdie liggaam bestaan uit taalpraktisyns en vergader vier keer 'n jaar om die professionele ontwikkeling van taalpraktisyns te ondersteun. Daarbenewens is die forum by die ontwikkeling van terminologie betrokke en hulle wend aktiewe pogings aan om die bestaande ortografie vir isiXhosa te hersien en by te werk.

Speaker, met die R5 103 000 (5 miljoen 103 duisend rand) wat aan die Departement se Taaldienste bewillig is, sal ons voortgaan om taalsteundienste in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap aan alle departemente van die provinsiale regering te lewer

en om, waar moontlik, tolkdienste te voorsien, insluitend tolkwerk in Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Inisiasieseisoen 2016/17

Speaker, as mens terugkyk na so vroeg as 2014, was die Wes-Kaap een van die voorste provinsies om aandag te skenk aan inisiasie in die land. Tot hede is ons die enigste provinsie wat 'n raamwerk ontwikkel het om die inisiasiedeurgangsrite wat deur gemeenskappe beoefen word, te reguleer. As 'n voorste belanghebbende speel die Departement 'n fasiliterende rol ter bereiking van sy doelwit om 'n veilige en bemagtigende omgewing vir die ingewydes te skep. Die 2016/2017-winterseisoen vir inisiasie het sonder enige sterfgevalle afgesluit. Die somerseisoen het egter met vyf sterfgevalle afgesluit, en die oorsake van vier gevalle is as gevolg van die agterstand in toksikologieverslae nog onbekend en een as gevolg van verdrinking. My medelye aan die families, vriende en geliefdes van diegene wat hul lewens verloor het. In die lig van hierdie ongelukkige lewensverlies sal die Departement 'n inisiasieberaad aanbied oor die uitdagings wat onlangs in die provinsie opgeduik het. Hierdie beraad sal aan die burgers van die provinsie wat hierdie tradisie beoefen 'n platform gee om nuwe uitdagings te bespreek, om ervarings van goeie praktyk te deel en om 'n strategie saam te stel sodat die praktyk in die toekoms beter beoefen word. Speaker, inisiasie is baie ingewikkeld en moet met sensitiwiteit en respek benader word. Ons sal hierdie jaar 'n gesamentlike onderneming met die Stad Kaapstad aangaan om die Nyanga Junction-inisiasieterrein te omskep in die topmodel in die land. Die opleiding en ontwikkeling van inisiasiepraktisyns sal ook in hierdie jaar voortduur. Praktisyns word aangespoor om van die opleiding in noodhulp, brand- en omgewingsbestuur en vaardigheidsontwikkeling gebruik te maak. Hierdie ondersteuning word verskaf om welstand te verbeter en om veiligheid te optimaliseer om verseker dat die tradisionele kulturele praktyk van die oorgangsrite (wat die oorgang van seunstyd na manlikheid illustreer) doeltreffend uitgevoer word.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Speaker, 'n bedrag van R374 646 000 word aan Biblioteek- en Argiefdienste toegeken om volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste te bevorder, te ontwikkel en te transformeer.

Die Departement van Kultuursake en Sport sal voortgaan om ondersteuning te bied aan die Wes-Kaapse biblioteekdienste wat 369 openbare biblioteke regoor die Wes-Kaap behels. Biblioteke bied tallose voordele en dien as plekke om te lees, ontspan en leer, en om maatskaplike kapitaal te bou. Biblioteekdienste sal dus voortgaan om positiewe bydraes tot die verbetering van onderwysuitkomste te lewer. Daarbenewens maak biblioteke deel uit van die Breëband-projek deur openbare geboue aan hoë-spoed breëband te verbind. Dit is 'n positiewe bydrae tot slim groei, wat op die versterking van kennis en innovasie gemik is.

Speaker, biblioteke is nie alleen plekke waar boeke bewaar word nie, maar dien ook as sosiale middelpunte en veilige ruimtes vir ons gemeenskappe. Biblioteke skep 'n samelewing waarin almal die geleentheid kry om hulself persoonlik te bemagtig, dit dra by tot lewenslange leer, en dit bied kulturele verryking en die vooruitsigte van ekonomiese vooruitgang. Dit alles en nog meer word by biblioteke regoor die provinsie aangebied. Speaker, munisipaliteite bestuur die openbare biblioteke en ontvang gedeeltelike befondsing van die Departement. Die getal werknemers by openbare biblioteke wat met die biblioteektoelaes befonds word, staan op 890; in 2013/14 was daar 550 werknemers. Met ander woorde, Speaker, 340 poste is oor 'n tydperk van slegs drie jaar in die Wes-Kaapse Biblioteekdiens geskep.

Speaker, in 2016/17 is ses nuwe biblioteke gebou en geopen, naamlik in Abbotsdale in die Swartland Munisipaliteit, Ashbury in Langeberg, Berghof in Bergrivier, Citrusdal in die Cederberge, Green Valley in Bitou en Herbertsdale in Mosselbaai, Biblioteke in Kleinmond, Conville, Eikendal, Hawston, Suurbraak, Hermon en Simondium is ook verlede jaar opgegradeer. In die volgende boekjaar sal twee nuwe biblioteke geopen word, naamlik Groendal in Stellenbosch en Klein Drakenstein, en die Worcester-biblioteek in die Breede Vallei Munisipaliteit sal opgegradeer word.

Speaker, die Departement het sedert die 2013/14-boekjaar 13 nuwe biblioteke geopen; 'n toename in die getal biblioteke in die Wes-Kaap van 353 tot 369 in slegs drie jaar. Ons hoop om teen 2020 altesaam 385 dienspunte gevestig te hê. Ek is trots om aan te kondig dat die Wes-Kaap by verre die provinsie met die meeste biblioteke is, met amper 'n kwart, 22% om presies te wees, van alle openbare biblioteke in Suid-Afrika. Ons sal teen die einde van die 2017/18-boekjaar 'n bedrag van R98 miljoen aan biblioteekinfrastruktuur bestee het.

Program 4: Sport en Ontspanning

Speaker, daar word herhaaldelik bewys dat sport en ontspanning tot die maatskaplike insluiting van ons uiteenlopende bevolking bydra.

Om hierdie rede word R180 954 000 aan Program 4: Sport en Ontspanning toegewy. Hierdie toekenning sal inderdaad sport bevorder om by te dra tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap deur die verskaffing van billike, toeganklike en bekostigbare sportgeriewe, -programme en -dienste. Dit sal ook skoolsport bevorder deur hulpverlening met strukture, kompetisies, talentidentifisering, ontwikkeling asook spesifieke en volgende-vlak-aktiwiteite.

Speaker, ons Departement ondersteun die holistiese groei van individue deur middel van die ontwikkeling en bevordering van sport. Ons gebruik sport as 'n instrument om aan ons jeug die alternatief tot die maatskaplike euwels wat ons gemeenskappe teister, te bied, asook om maatskaplike insluiting, eendrag, trots en nasiebou te verseker. Drie munisipaliteite, naamlik Breede Vallei, Mosselbaai en Overstrand, sal vir die voorsiening van fasiliteite ondersteun word met munisipale oordragte om verskeie sportfasiliteite te bou sodat die burgerlike samelewing en plaaslike gemeenskappe in dié munisipaliteite daarby kan baat. Ons sal ten opsigte van die munisipale infrastruktuurstoelae (MIG) voortgaan om leiding aan munisipaliteite te gee oor hoe om op die pad vorentoe toegang tot hierdie toelae te kry.

Die Wes-Kaap het in die verlede topatlete opgelewer en dit was deels as gevolg van die vennootskap en werksverhoudinge tussen die Wes-Kaapse Akademie vir Sport, sportfederasies, die distriksportsrade, en die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie. Deur middel van hierdie vennootskap en werksverhoudinge het die akademiestelsel ontluikende en wêreldklasatlete help ontwikkel en groei om die provinsie én Suid-Afrika te verteenwoordig. Ons ondersteuning aan 180 atlete deur die akademiestelsel in Saldanha, Glaskasteel in Bredasdorp, Beaufort-Wes en Oudtshoorn sal in die huidige boekjaar voortduur.

Sport sal steeds 120 sportfederasies, ses distriksportsrade en die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie met oordragbefondsing ondersteun. Die

Klubontwikkelingsprogram ondersteun 200 klubs met die voorsiening van kapasiteitsbou, vervoer, toerusting en uitrustings.

Verdienstelike atlete sal deur die ad-hoc-befondsing aan sportfederasies steeds voordeel trek uit die subsidie wat die Departement bied aan atlete wat Suid-Afrika by buitelandse Saskok-gesteunde gebeure verteenwoordig.

Speaker, vir ons om 'n konstruktiewe bydrae tot nasiebou te lewer, moet ons eers in gemeenskapsbou belê. Ter bereiking hiervan het ons verskeie vennootskappe aangegaan om gemeenskapsondersteuning, -deelname en -eenheid aan te moedig. Die Department het onder meer sy vennootskap met die Sporttrust versterk. Om groter deelname aan fietsry aan te moedig, is die Sporttrust Gemeenskaplike Fietswedrenne in 2015 geloods in die gemeenskappe waar die ontwikkelende fietsryers woon. Speaker, hierdie fietsry-ontwikkelingsprogram het fietse verskaf en 220 leerders van 12 hoërskole in minderbevoorregte gemeenskappe in die Wes-Kaap ondersteun en opgelei. Dit het skole in die Kaapse Metropolitaanse streek, die Boland- en Weskus-distrik ingesluit. Die Sporttrust het in Februarie vanjaar aan 138 leerders die geleentheid gegun om Robbeneiland te besoek, waar die trust gereël het om die jaarlikse oorhandiging van uitrustings by die Wêreld Erfenisterrein te hou. Hierdie eenmalige ondervinding was 'n eerste vir baie van die leerders: eerste besoek aan Kaapstad of die V&A Waterfront, om per boot te reis en om hierdie historiese terrein te besoek. Dit het beslis motivering aangewakker wat 'n blywende impak op hul lewens sal hê. Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om die Sporttrust te bedank dat hulle bo en behalwe hul plig verbind is tot die bevordering van onderwys deur sport; hulle het die leerders nie slegs van sportgeleenthede voorsien nie, maar het ook besluit om die leerders oor die historiese kultuurerfenis van ons pragtige land op te voed. Ek glo vas hierdie oefening sal afgeronde individue produseer wat dan die leiers in hul gemeenskappe sal word wat positiewe verandering meebring en uiteindelik die wêreld soos ons dit ken, sal verander.

Speaker, om ekonomiese groei en werkskepping in elke distrik te bevorder, sal ons hierdie jaar 50 groot gebeure befonds, insluitend megagebeure soos die Kaapstad Fietstoer, Two Oceans Maraton-wedloop, die Laingsburg-marathon en die Bergrivier-kanomarathon. Ons sal in vennootskap met die onderskeie munisipaliteite en

distriksportsrade voortgaan om munisipaliteite te ondersteun met die aanbieding van sportfeeste in Knysna, Oudtshoorn, Mosselbaai, George en Paternoster.

Ontspanning

Ontspanning is 'n noodsaaklike diens wat deur die Departement bevorder word, aangesien dit dienste en programme aanbied waarby 'n individu vrywillig in sy/haar vryetyd kan deelneem om 'n genotvolle en bevredigende ervaring te hê. Ontspanning is ook 'n platform vanwaar sport kan ontwikkel en groei, aangesien ontspanning 'n filosofie en etos van 'n gesonde lewe, lewenslange aktiwiteit en lewenslange leer bevorder. Ontspanning bied aktiwiteite vir alle ouderdomme en kan mense bewus maak van die potensiaal en vaardighede wat hulle besit.

Ontspanning bied daarbenewens aan individue 'n dieper insig oor die tipe lewenskanse en geleenthede wat bestaan en waarmee hulle kan verbind. Deur die fasilitering van ontspanningsgebeure in die provinsie, poog die departement om bande te fasiliteer tussen:

- Individue met hulself; waar individue hulself leer ken
- Die samelewing met die jeug en die jeug met die samelewing
- Gesinne; waar jeug met volwassenes verbind en andersom
- Mense met werk in die vorm van indiensneming afrigters
- Gemeenskappe; sodat hulle as een span saamspeel
- Individue van siekte tot welstand

Speaker, ons Departement poog om die poel van sporttalent op voetsoolvlak te verbreed sodat meer jongmense die geleentheid kry om aan sportbyeenkomste deel te neem; sodoende kan ons die voortreflike sportmense identifiseer wat daartoe sal lei dat meer Wes-Kapenaars volgens meriete vir die verskillende provinsiale en nasionale spanne gekies word. Speaker, om die getalle wat aan sport deelneem, en wie se talent geïdentifiseer en vaardighede ontwikkel word, te verhoog, het ons met alle belanghebbendes in die provinsie geskakel om planne, strukture en voorsiening te verbeter sodat daar samewerking kan wees wat uiteindelik 'n meer opbouende diens aan die mense van die Wes-Kaap lewer. Ons het vroeër dié maand 'n Provinsiale Sportberaad in George gehou, asook 'n

Munisipale Sportkonferensie in Breede Vallei. Samesprekings van hierdie aard bied ruimte om klem te lê op bepaalde uitdagings wat deur elke distrik, munisipaliteit, elke raad en elke federasie ervaar word, en dien as riglyn vir die dienste wat ons ooreenkomstig die verskillende behoeftes lewer. Hierdie samesprekings beteken verder dat alle belanghebbendes kan besin oor die individuele rolle wat hulle moet vervul om sport in die provinsie verder te neem, maar die belangrikste is dat dit alle strukture in staat stel om Beter Tesame dienslewering te verbeter.

Volgende-vlak-geleenthede word in die skoolsport-omgewing geskep deur die bevordering van:

1. Skoolsportontwikkeling, wat fokus op die verlening van bystand met:
    - Intraskool- en interskoolligas;
    - Skoolgaande leerder-gebaseerde kompetisies;
    - Kode-spesifieke ontwikkeling van afrigters
    - Distrikgebaseerde, geselekteerde verteenwoordigende spanne
    - Provinsiegebaseerde, geselekteerde verteenwoordigende spanne

2. Skoolsportprogramme, wat fokus op die verlening van bystand met:
    - Toesig oor die Sport en Ontspanning Suid-Afrika Ministeriële Beursprogram
    - Bevordering van sinergie met onderskeie federasies
    - Koördinering van talentidentifisering en -ontwikkeling
    - Ontwikkeling van 'n pad vir die verdere ontwikkeling van talentvolle leerders

Speaker, ons MOD-program word regdeur die provinsie by hoërskole en laerskole aangebied. Die laerskool-gebaseerde MOD-sentrums dien gewoonlik as die voerder na hul naburige hoërskool-gebaseerde MOD-sentrums. Sodoende kry leerders die geleentheid om vir 'n tydperk van ten minste 12 jaar deurlopende toegang tot en blootstelling aan geleenthede te kry wat deur die MOD-program aangebied word.

MOD-sentrums is grotendeels in kwesbare gebiede geleë. Aangesien dit die konteks waarin die meeste, indien nie alle nie, MOD-sentrums gesetel is, is relatief swak fasiliteite, hulpbronne en sekuriteit, of 'n gebrek daaraan, die orde van die dag. Ten

spyte van hierdie nadele en omstandighede, deur positiewe menslike elemente soos volharding, passie en toewyding, toon 'n aantal deelnemers vaardighede en talente en die potensiaal vir verdere ontwikkeling. Die deelnemers wat die genoemde potensiaal vir verdere ontwikkeling toon, kry deur verskeie prosesse van talentidentifisering en -ontwikkeling die geleentheid om hul vaardighede en talente na 'n hoër vlak te neem. Speaker, met die R62 809 000 wat aan die MOD-program toegeken is, sal ons proaktiewe stappe doen om maatreëls in te stel vir die verbetering van elke sentrum na gelang van hul bepaalde behoeftes.

Speaker, om opnuut hoop en inspirasie onder ons verlore generasie aan te wakker, sal Skoolsport voortgaan om te fokus op volgende-vlak-deelname op provinsiale vlak (interdistrik) en nasionale vlak (interprovinsiaal) wat met deelname aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap (SANSK) verband hou. Dis vir ons belangrik om tred te hou met die getal leerders wat aan die provinsiale en nasionale kampioenskappe deelneem, sodat ons kan toesien dat geleenthede vir volgende-vlak-deelname en talentidentifisering geskep word. Die hersiene getal vir leerderdeelname op provinsiale vlak vir 2017/18 is 1 680, terwyl die hersiene getal vir deelname op nasionale vlak vir 2017/18 altesaam 720 is. Ten einde volgende-vlak-deelname te bevorder, sal Skoolsport hulp verleen met die opleiding van opvoeders en vrywilligers om met die implementering van die Skoolsportprogram te help deur 600 opvoeders en vrywilligers in 2017/18 op te lei.

Naskool-Spelwysiger

Speaker, die Wes-Kaapse regering is aan die voortou van regeringsinnovasie om toe te sien dat lae- en geen-fooi-leerders deur die voorsiening van topgehalte, omvattend naskoolse programme toegang tot uitgebreide onderwysgeleenthede ontvang. Dit bied aan leerders die geleentheid om hul passie te vind, selfvertroue op te bou, waardevolle lewensvaardighede aan te leer en onderwysuitkomste te verbeter.

Die Naskool-Spelwysiger is daarop gemik om geleenthede uit te brei om jongmense ná skoolure van positiewe, opbouende aktiwiteite te voorsien en aldus riskante en antisosiale gedrag te bekamp. Ons hoop ook om geleenthede te skep vir leerders om te floreer en aktiewe en produktiewe burgers te word.

Die Naskool-Spelwysiger werk in oorleg met die aktiwiteite van een van die MOD-sentrums en die sport- en kunste-aktiwiteite van die departemente Kultuursake en Sport en Onderwys, en werf ook bykomende akademiese ondersteuning en geleenthede in lewensvaardighede.

Die teiken teen 2019 is dat 20% van leerders in geen- en lae-fooi-skole aktiewe en gereelde deelnemers aan naskoolse programme moet wees. Hierdie programme sal sport, kuns en kultuur, gesyferdheid, geletterdheid, akademiese ondersteuning en lewensvaardighede insluit.

Ter bereiking van hierdie doelwit teiken ons in die jaar wat voorlê 'n voetspoor in minstens 300 skole.

Speaker, soos vroeër gemeld, ondersteun die Departement ses Distriksportsrade en een Provinsiale Konfederasie, waarvan Richard Buckley van die Metro-, David Maans van die Sentraal Karoo- en Desmond Speelman van die Eden-sportraad vandag hier verteenwoordig is. Ons sal in die 2017/18-boekjaar 'n bedrag van R5 700 000 aan die federasies in elke distrik oordra. Hierdie bedrag maak voorsiening vir Provinsiale Sportfederasies, bv. Wes-Kaap Tennis, Netbal, Skopboks, Seil, om slegs 'n paar te noem. Ek is trots om aan te kondig dat ek persoonlik, seremonieus, hierdie fondse aan elke sportraad en munisipaliteit sal oorhandig, en die Departement sal toesien dat die volgende fondse aangewend word om gemeenskappe deur sport te verryk en nie wederregtelik aangewend word nie.

Speaker, met die grootste kliëntebasis sal die Kaapse Metro R1 760 000 ontvang; die Weskus R510 000; die Kaapse Wynland R1 100 000, Overberg R360 000, Eden R1 450 000 en die Sentraal Karoo R120 000. Daarbenewens sal R400 000 vir ad-hoc-befondsing toegeken word.

Speaker, sportaktiwiteite skep nie alleen 'n gevoel van hoort, spanwerk, respek, selfvertroue, passie, trots, hoop en eendrag nie, maar dit bied ook fokus, rigting, doel, uitdrukking en hoop vir die toekoms. Om hierdie rede is sportaktiwiteite geïdentifiseer as 'n bydraende faktor tot die Wes-Kaapse Regering se spelwysiger om alkoholmisbruik aan te pak. As ons jeug by positive ontwikkelingsprogramme betrokke is, kan hulle beskou word as jeug met potensiaal, eerder as jeug in gevaar, aangesien antisosiale aktiwiteite soos middelmisbruik en bendes nie 'n prioriteit is nie. Dit is ons missie om voortreflikheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan te moedig

deur middel van die doeltreffende, bekwame en volhoubare gebruik van ons hulpbronne asook skeppende vennootskappe met ander. In die strewe na voortreflikheid sal ons die omstandighede skep vir toegang en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling. Gedurende my termyn as Minister was ek bevoorreg om betrokke te raak by positiewe jeugontwikkelingsprogramme wat verskillende sportkodes en ontspanningsaktiwiteite as fokus uitlig. Hierdie programme sluit onder meer in:

- Oasis, onder die leierskap van mnr Clifford Martinus wat vandag in ons galery sit, is 'n geregistreerde organisasie sonder winsbejag met die hooffokus op sport vir ontwikkelingsprogramme. Die programme bied 'n platform waar hulle met die jeug en volwassenes in agtergeblewe gemeenskappe kan verbind en geleenthede in onderwys en lewensvaardighede kan bied. Dit is deur hierdie program dat voorheen hawelose jongmense aan die Internasionale Hawelose Straatsokker Wêreldbeker deelgeneem het. Sedert die ontstaan van ons vennootskap in 2015 het 24 jong mans en vroue die geleentheid gehad om uit die siklus van armoede in hul kwesbare gemeenskappe te ontsnap deur hul land op 'n internasionale platform te verteenwoordig. Speaker, ná hulle terugkeer het ek persoonlik beduidende veranderinge in elk van hierdie 24 jongmense gesien; hulle is nou almal aktiewe burgers wat voorspraak lewer vir sportdeelname as 'n instrument om bo negatiewe omstandighede uit te styg. Dillon Fletcher is so 'n ambassadeur. Toe ek vir die eerste keer vir Dillon in 2015 ontmoet het, was hy skaam, huiwerig, het nooit 'n woord gesê nie en was altyd eenkant. Dit was merkwaardig om te sien hoe sy selfbeeld binne 'n jaar versterk het. Vandag straal Dillon 'n voorbeeldige selfvertroue uit; hy fasiliteer motiveringspraatjies en is 'n geakkrediteerde SAFA-afrigter van onder-14 en -15 spanne in Lavender Hill, Parklands, Philippi en ander kwesbare gebiede. Daar word beoog dat ons Departement weereens die span van 8 sal befonds om aan hierdie jaar se wêreldbeker deel te neem.

- Speaker, fietsrymaand kom môre in die Wes-Kaap tot 'n einde. Ons het premier-fietsrybyeenkomste soos die Cape Rouleur en die Absa Cape Epic met sukses aangebied. Hierdie geleenthede bied 'n platform vir positiewe rolmodelle vir ons jeug. Talentvolle ryers van kwesbare gemeenskappe word

gekies om aan verskillende ontwikkelingsprogramme deel te neem; hulle ontvang steun en word toegerus as professionele atlete wat aan internasionale fietsrybyeenkomste kan deelneem. Een van hierdie programme is HotChillee se program vir jong ontwikkelende fietsryers. ChotChillee werk tans saam met JAG, Velokhaya en Cape Town Giants. Die program is ontwerp om 'n platform te bied aan ontwikkelende Suid-Afrikaanse ryers om in internasionale atlete te ontluik. Shameeg Salie van Grassy Park, Thulasizwe Mxenge van Khayelitsha en Marco Abrahams van Belhar is die afgelope twee jaar deur ons Departement befonds en het verlede jaar aan verskeie Europese fietsrybyeenkomste deelgeneem, waarvan die London Alpine Challenge die noemenswaardigste is. Ons sal hierdie jaar nog twee ontwikkelende ryers befonds om nie alleen aan die Europese fietsrybyeenkomste deel te neem nie, maar om netwerke met die verskeie strukture oorsee te vorm en geïnspireer te word om ander in hul gemeenskappe dieselfde ervarings te gun wat hulle gehad het, en uiteindelik aktiewe agente van verandering te word.

Slotsom

Speaker, die Departement van Kultuursake en Sport speel 'n fundamentele rol in die maatskaplike inklusiwiteit van ons diverse bevolking, wat ons onvermydelik Beter Tesame verenig. Ek kan nog baie uitbrei oor die volgehoue en doelmatige werk wat hierdie Departement vir ons gemeenskappe doen, maar dit is sinneloos dat slegs ons dit weet, sien, voel en ervaar. Die mense op die grond moet tussen al die getwis weet van die positiewe ontwikkelings. Hulle moet oor die bakens van hoop vertel word, want hulle bevind hulself in kwesbare plekke en hierdie rolmodelle bestaan in ons sportmense en opkomende sterre in kuns en kultuur. Ons mense het 'n dringende behoefte aan hernude hoop dat ons as 'n nasie in ons diversiteit verenig is.

Hierdie departement, die toegewyde personeel en ons opbouende programme het die vermoë om lewens in die Wes-Kaap ten beste te verander. Die publiek moet bewus gemaak word dat 'n gesonde leefstyl vir hulle beskikbaar is en wanneer hulle sien dat ander die geleenthede benut, sal dit 'n sneeubaleffek hê en 'n lewe positief verander. Ek doen 'n beroep op almal hier teenwoordig om daardie saadjie van hoop te plant en hulle te inspireer om beter weergawes van hulself te wil wees. Raak

betrokke by ons gemeenskappe op 'n vlak wat 'n potensiële kruisie op 'n stembrief ver oorskry. Luister na die uitdagings en aspirasies van ons mense, kommunikeer hulle behoeftes aan 'n kollega wat die vermoë het om 'n ware verskil in die lewe van daardie een persoon te maak en volg op oor vordering wat gemaak is. Ek verstaan dat ons almal ons pligte en verbintenisse het om na te kom, maar die reddingsmissie is op hierdie stadium 'n baie belangriker saak as die eie self. Dit is van kardinale belang dat ons, ten spyte van ons politieke affiliasie, verskillende kulturele agtergronde of selfs posbeskrywings, vertroue, maatskaplike insluiting, gehalte-onderwys en selfvertroue in die menslike gees versterk ten einde aan die verryking van ons gemeenskappe en die welstand van Suid-Afrika by te dra.

Ek dank u.